

# St. Dawid van Wallis
## 1 Maart

(sterf 544)

Hierdie beskermheilige van Wallis het uit 'n prinslike familie gestam. Hy was 'n diepgelowige jongman wat vroeg reeds geroepe gevoel het om priester te word. Ná sy priesterwyding trek hy homself terug na die eiland van Wight waar hy hom in gebed en self-afsterwing verdiep het. Later keer hy terug en word tot owerste verkies van die klooster van Ty Gwyn. Hy stig etlike ander kloosters en deur sy persoonlike heiligheid word hy 'n ware apostel wat tallose mense na die Here Jesus gelei het. In 519 word hy tot aartsbiskop van Carleon verkies. Hy was 'n ware sieleherder en sy bydrae tot die kerstening van die Britse eilande was van die grootste belang.

Die Oratorium Uitgewery